



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 2013**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl R F Van der Westhuizen
Rdl M Van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander Raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H H Hunsinger en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURGE

Geen

4. NOTULES

**4.1 VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING
GEHOU OP 17 JULIE 2013**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Julie 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysigings:

ITEM 7.13: VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 720, MALMESBURY (15/3/3-8)
[wysiging van paragraaf A1]

A1 Stadsbeplanning/...

4.1/...

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (b)(i) dat ten minste 6 toeganklike/werkbare op-perseel parkeerplekke wat duidelik afgemerk is, voorsien word en dat dit kan impliseer dat sekere verbeteringe/geboue gesloop moet word;
- (ii) dat die skepping van alternatiewe parkering verder oorweeg word en dat die onderhandelinge en ondersoek hieromtrent aan die Munisipale Bestuurder gedelegeer word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 8 AUGUSTUS 2013*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]***5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE****5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2013****5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES****BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging:

ITEM 6.6: KONSTRUKSIE VAN 132kv OORHOOFSE ELEKTRIESE KRAGLYN (15/3/1)

[wysiging van paragraaf (b)]

- (b) Dat alle koste verbonde aan die skepping en registrasie van die serwituuat vir die rekening van Eskom en/of Moyeng Energy sal wees.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2013****6.1.1 ITEM 6.5: AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1426, RIEBEEK-WES (15/3/4-12)**

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1426 (groot $\pm 26m^2$), geleë te Merindalstraat, Riebeeck-Wes ten einde 'n huiswinkel te bedryf.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee om sosio-ekonomiese ondersoeke en wetstoepassingsaksies te loods en dat die bevindinge aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word om die aansoek te heroorweeg.

6.1.2 ITEM 6.7: AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1611, CHATSWORTH (15/3/4-2)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1611 (groot ±8m²), geleë te Malmesburyweg, Chatsworth ten einde 'n huiswinkel vanuit van die bestaande woonhuis te bedryf.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee om sosio-ekonomiese ondersoeke en wetstoepassingsaksies te loods en dat die bevindinge aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word om die aansoek te heroorweeg.

6.2 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 JULIE 2013**6.2.1 ITEM 7.9: VOORGESTELDE LIDMAATSKAP TOT MEDIESE FONDSE NA AFTREDE**

[Die item word in-komitee gehanteer.]

7. NUWE SAKE**7.1 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 2DE HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE 2014/2015 BEGROTING (2/1/4/4/1)**

Artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal dat die burgemeester ten minste 10 maande voor die begin van die begrotingsjaar, 'n tydskedule voorlê wat sleutel sperdatums aandui ten opsigte van die begrotings- en GOP-prosesse.

BESLUIT

Dat die tydskedule vir die 2^{de} hersiening van die 2012-2017 GOP en die opstel van die 2014/2015 begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

7.2 TERUGVOERING: "LOCAL GOVERNMENT CAPACITY BUILDING STUDY TOUR" (4/6/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het goedkeuring aan die Munisipale Bestuurder verleen om op uitnodiging van INCA 'n studietoer na Frankryk vanaf 8 tot 16 Junie 2013 te kon meemaak.

'n Verslag van die studietoer, wat kollektief deur die ses studietoerlede opgestel is na aanleiding van die areas en dissiplines wat besoek is, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder het 'n verdere uitnodiging ontvang om tydens die 2013 INCA Somerskool wat vanaf 4 tot 6 November 2013 in Gauteng aangebied sal word, as spreker en groepsfasiliteerder op te tree.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die omvattende terugvoering van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van die "Local Government Study Tour" na Frankryk vanaf 8 tot 16 Junie 2013;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die uitnodiging aan die Munisipale Bestuurder om as fasiliteerder betrokke te wees by die 2013 INCA Somerskool, wat vanaf 4 tot 6 November 2013 aangebied sal word;
- (c) Dat goedkeuring verleen word aan die Munisipale Bestuurder om as fasiliteerder betrokke te wees by die 2013 INCA Somerskool vanaf 4 tot 6 November 2013.

7.3 BYWONING VAN OPLEIDINGSKURSUS IN DUITSLAND: OPWEKKING VAN HERNUBARE ENERGIE DEUR MIDDEL VAN SON EN WIND BRONNE: BESTUURSOPSOMMING (4/6/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 15 Mei 2013 goedkeuring aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste verleen om opleidingskursusse ten opsigte van son en wind energie in Duitsland by te woon.

Die kursusse het plaasgevind vanaf 10 tot 21 Junie 2013 in Kassel, Duitsland en is aangebied deur personeel en lektore van die navorsingsinstituut Fraunhofer IWES en die Universiteit van Kassel. Verder het deskundiges en konsultante van die privaatsektor ook modules aangebied en is verskeie terreinbesoeke by fabriek en aanlegte gedoen.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond in die verslag tot die sakelyst van die inhoud van die kursusse wat as uiters leersaam en waardevol beskou is, sowel as gevolgtrekkings met verwysing na die voor- en nadele van hernubare energie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die bestuursopsomming soos opgestel deur die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste na aanleiding van die bywoning van opleidingskursusse in Duitsland met betrekking tot die opwekking van hernubare energie deur middel van son en wind bronne.

7.4 ONDERSOEK NA DIE FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID VAN DIE HAWE IN YZERFONTEIN (7/1/2-3)

Een van die strategieë van die GOP is dat sekere dissiplines/dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word vir moontlike uitkontraktering ondersoek word, onder andere die Yzerfontein Hawe, ten einde uitkoms 1, naamlik "A financially sustainable municipality with well maintained assets" na te streef.

Verkennde gesprekke aangaande die finansiële volhoubaarheid van die Yzerfontein Hawe het reeds in Oktober 2012 'n aanvang geneem en na afloop van 'n artikel 78 ondersoek is bevind dat die hawe teen 'n verlies bedryf word.

Voortspruitend uit gesprekke en verdere onderhandelinge is 'n ooreenkoms met die Hawemeester, mnr A Crews bereik ingevolge waarvan mnr Crews self die hawe perseel en die vismark sal bedryf vir sy eie rekening.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die begerigheid van mnr A Crews om die ooreenkoms met die munisipaliteit te sluit vir die bedryf van die Yzerfontein hawe en vismark, op sekere voorwaardes;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat 'n formele ooreenkoms aangegaan word met mnr Ashley Crews ingevolge waarvan mnr Crews self die Yzerfontein hawe- en vismark perseel sal bedryf vir sy eie rekening;
- (c) Dat die termyn van die ooreenkoms sal strek vanaf ondertekening daarvan deur die party wat laaste in tyd teken en van krag sal wees vir 'n onbepaalde periode, onderhewig aan die voorwaarde dat enige van die partye die ooreenkoms te eniger tyd na 31 Maart 2017 kan beëindig met skriftelike kennis te dien effekte van drie (3) kalendermaande aan die ander party;
- (d) Dat kennis geneem word van die verpligtinge van mnr A Crews, sowel as Swartland Munisipaliteit soos uiteengesit in die formele ooreenkoms.

7.5 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige/...

7.5/...

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die uitstaande debiteure verslag vir Julie 2013.

7.6 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: JULIE 2013 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES VIR DIE AANSTELLING VAN 'N SPESIALIS KONSULTANT BENODIG VIR EEDSM TOEKENNING VAN DEPARTEMENT VAN ENERGIE (8/1/B/2)

Swartland Munisipaliteit het by die Departement van Energie aansoek gedoen vir fondse vir energie doeltreffendheid en aanvraagbestuursprojekte (EEDSM) en is 'n bedrag van R5 miljoen vir elke van die 2013/2014 en 2014/2015 finansiële jare toegeken.

Die aanvanklike plan was om die beplanning en ontwerp van die projekte vir 2013/2014 departementeel te hanteer. Die Departement van Energie sou 'n template beskikbaar stel waarvolgens die "baseline consumption" verslag en besigheids/ implementeringsverslag gedoen kon word.

Die betrokke departement het egter aanbeveel dat 'n spesialis meting en verifikasie konsultant vir hierdie doeleindes aangestel moet word.

BESLUIT

- (a) Dat kondonering verleen word vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures deur slegs drie kwotasies in te win en slegs een kwotasie te oorweeg en te aanvaar vir die dringende lewering van spesialis meting en verifikasie (M&V) konsultasiedienste soos vereis deur die Departement van Energie;
- (b) Dat die enigste kwotasie van die firma Energy Management and Validation Services teen R124 000 (BTW is nie van toepassing nie) aanvaar word;
- (c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe van R124 000 teen posnommer 828081901840 vir die EEDSM projek wat deur die Departement van Energie gefinansier word, verreken sal word;
- (d) Dat, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, die geval met redes as nota by die betrokke finansiële state waar van toepassing, ingesluit word.

7.8 TRANSPORT: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / JO-DOLPHIN SWARTLAND APD: ERF 1094, MALMESBURY (12/2/R)

[Rdh M S I Goliath en rdl R F van der Westhuizen verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking weens hul betrokkenheid by die bestuurskomitee van Jo-Dolphin.]

Die Raad verhuur sedert April 2010 erf 1094, Malmesbury aan Jo-Dolphin APD vir doeleindes van die oprigting van 'n dagsorgsentrum vir gestremde persone.

Daar is in November 2012 goedkeuring verleen dat die grond vanaf die Raad aangekoop word, aangesien eienaarskap van die grond hul makliker toegang tot finansiering sou gee.

7.8/.

Ondertussen is eiendomsbelasting ten bedrae van R10 560,65 teen Jo-Dolphin APD gehef in terme van die bestaande huurooreenkoms, welke uitstaande rekening die oordrag van die eiendom in hul naam verhoed. Ingevolgde die *Municipal Property Rates Act, 2004* is munisipale grond vrygestel van die betaling van eiendomsbelasting en moet die heffing teen Jo-Dolphin APD dus as 'n oorsig beskou word.

BESLUIT

- (a) Dat die eiendomsbelasting wat gehef is ingevolge die ooreenkoms vir die verhuring van erf 1094, Malmesbury aan Jo-Dolphin APD, teruggeskryf word, vir die redes soos uiteengesit in die verslag;
- (b) Dat Jo-Dolphin APD steeds verantwoordelik sal wees vir die betaling van ander kostes aan die raadsprokureur, ten einde oordrag van die eiendom in hul naam te kan bewerkstellig.

7.9 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY / SWARTLAND VOORTREKKERKOMMANDO (12/2/4-8/4)

Die Swartland Voortrekkerkommando huur 'n gedeelte munisipale meentgrond (groot $\pm 2082\text{m}^2$), geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury vir opvoedkundige doeleindes van die Voortrekkerbeweging. Die tien jaar huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2013.

'n Skrywe is ontvang waarin die Voortrekkerbeweging aansoek doen om die gedeelte grond vir 'n verdere termyn te huur.

Dit word egter aan die hand gedoen dat 'n kort termyn ooreenkoms aangegaan word, aangesien die gedeelte grond moontlik in die toekoms benodig word om die pad wat tussen Hoërskool Swartland en die Voortrekkerterrein geleë is, op te gradeer.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte meentgrond (groot $\pm 2082\text{m}^2$) te Malmesbury, soos aangetoon op die liggingsplan hierby, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word op 'n jaar-tot-jaar basis met ingang van 1 September 2013;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar, vooruitbetaalbaar;
- (c) Dat die Raad se voorneme in terme van sy Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende eiendom in die pers bekend gemaak word;
- (d) Dat die huurder die advertensiekoste sal betaal.

7.10 HUUROOREENKOMS: LOMIEN BELEGGINGS EDMS BPK / SWARTLAND MUNISIPALITEIT: GEBOU TE HILLSTRAAT 1(A), MALMESBURY (12/1/2-8/5)

Tydens 'n spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 24 Junie 2013 is volmag aan die Munisipale Bestuurder gegee om in gesprek te tree met Lomien Beleggings Edms Bpk aangaande die huur van die "Santam kantore" geleë te Hillstraat 1(a), Malmesbury met ingang van 1 Augustus 2013.

Die kantore word benodig om lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te huisves.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder ingevolge die volmag aan hom verleen, 'n ooreenkoms met Lomien Beleggings Edms Bpk gesluit het vir die huur van kantoorakkommodasie te Hillstraat 1(a), Malmesbury, op die voorwaardes soos uiteengesit in die verslag;
- (b) Dat daar/...

7.10/...

- (b) Dat daar insgelyks kennis geneem en goedkeuring verleen word vir die huur van vyf parkeerruimtes ten bedrae van R1 550,00 per maand van onderskeidelik Swartland Handelshuis Beleggings Edms Bpk (R800,00 per maand) en mnr C J F du Toit (R750,00 per maand).

7.11 HUUROOREENKOMS: W DUCKITT & SONS CC / SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/4/6)

Die Raad huur 'n gedeelte (groot $\pm 300\text{m}^2$) van restant van gedeelte 8 van die Plaas Oude Post 577, geleë in die omgewing van Darling vanaf W Duckitt & Seuns. Die gedeelte grond huisves 'n kabelvrye netwerkstasie van die munisipaliteit wat nog in bedryf is.

Die verslag meld dat die huurooreenkoms reeds op 30 September 2012 verstryk het, maar dat daar voortgegaan is om die maandelikse huurgeld te betaal, sonder enige eskalاسie. Die verhuurder het hulself bereid verklaar om die huurtermyn te verleng en is nuwe huurooreenkomste aangegaan.

BESLUIT

Dat die Raad die hernuwing van die huurooreenkoms met W Duckitt & Seuns vir die huur van 'n gedeelte (groot $\pm 300\text{m}^2$) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post 577 vir die voortgesette bedryf van sy kabelvrye netwerkstasie soos volg goedkeur:

- (a) 'n huurooreenkoms vir die tydperk van 1 Oktober 2012 tot 30 September 2013 teen R726,00 plus BTW per maand;
- (b) 'n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Oktober 2013 tot 30 September 2016 teen betaling van huurgeld van R878,40 plus BTW per maand en wat jaarliks met 10% eskaleer, asook 'n opsie om verder te huur.

7.12 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 1133, MOORREESBURG (15/3/6-9, 15/3/3-9) (WYK 2)

Die aansoek vir die skepping van 'n nywerheidspark op erf 1133, Moorreesburg was op 12 Desember 2007 voorwaardelik deur die Raad goedgekeur, ten einde geleentheid te gee aan die betrokke departemente, asook SANRAL om kommentaar op die ontwikkeling te lewer.

Die omgewingsgoedkeuring is vanaf die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning ontvang en is dit met die sakelys gesirkuleer.

Aansoek word derhalwe gedoen vir die onderverdeling van erf 1133, groot 44.14ha, geleë in die oostelike deel van Moorreesburg in twee gedeeltes, naamlik die restant ($\pm 18.68\text{ha}$) en gedeelte 1 ($\pm 25.46\text{ha}$). Aansoek word verder gedoen vir die hersonering van gedeelte 1 vanaf nywerheidsone na onderverdelingsgebied ten einde 71 nywerheidserwe, een sakeperseel en drie publieke oopruimtes te skep.

Dit word voorsien dat die ontwikkeling in die volgende fases sal geskied:

- Fase 1: 8 nywerheidserwe, 1 publieke oopruimte sowel as 'n gedeelte pad;
- Fase 2: 10 nywerheidserwe, 1 sake erf sowel as 'n gedeelte pad;
- Fase 3: 21 nywerheidserwe, 2 publieke oopruimtes sowel as 'n gedeelte pad;
- Fase 4: 32 nywerheidserwe, 1 publieke oopruimte (retensiefasiliteit) sowel as 'n gedeelte pad.

BESLUIT

- A Dat die aansoek om die hersonering van gedeelte 1 ($\pm 25.46\text{ha}$) van erf 1133, Moorreesburg ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf Nywerheidsone na Onderverdelingsgebied en die onderverdeling ingevolge artikel 24(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, ten einde 71 nywerheidserwe, een besigheidserf en drie publieke oopruimte erwe te skep;

7.12/...

B Dat die onderverdeling van erf 1133 (44.14ha), Moorreesburg in twee gedeeltes, naamlik die restant (± 18.68 ha) en gedeelte 1 (± 25.46 ha) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING/ BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne by die Departement Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word, alvorens met enige bouwerke 'n aanvang geneem word;
- (b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;
- (c) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl gewys word;

B2 SIVIELE- EN ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

- (a) dat die siviele dienste deur 'n ingenieur, toepaslik geregistreer, ontwerp word en dat die nodige planne aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word;
- (b) dat die elektriese aansluiting aan die mediumspanningnetwerk gekoppel sal word en dat die vooraf goedgekeurde ontwerp, die konstruksie en toesig onder leiding van 'n raadgewende ingenieur sal geskied;
- (c) dat aangesien daar geen bestaande elektriese netwerke bestaan nie, sal die beplanning, ontwerp en konstruksie om 'n laag- en mediumspanningnetwerk daar te stel ten koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (d) dat alle siviele en elektriese dienste onder toesig van 'n ingenieur, toepaslik geregistreer, aangebring word;

B3 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

- (a) dat alle relevante artikels en regulasies van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) met betrekking tot die gebruik van water aan voldoen moet word;
- (b) dat geen oppervlakwater, grondwater of stormwater besoedel mag word deur die aktiwiteite wat op die eiendom(me) plaasvind nie;
- (c) dat geen oppervlak- of ondergrondse water onttrek mag word sonder die voorafverkreë toestemming van die Departement nie, behalwe as dit 'n skedule 1 gebruik of 'n bestaande wettige gebruik is;
- (d) dat soliede afval bestuur moet word ingevolge die regulasies van artikel 20 van die Omgewingsbewarings Wet (Wet 73 van 1989);

B4 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 is daar 'n 5m boulyn van toepassing langs alle geproklameerde provinsiale paaie. Die 5m word gemeet van die statutêre grens van die paaie;
- (b) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is daar 'n 95m boubeperkingslyn langs alle hoof- en afdelings paaie gemeet van die middellyn van die relevante paaie;
- (c) dat ingevolge artikel 9A van Wet 21 van 1940 is daar 'n 500m boulyn van toepassing gemeet van die middellyn van die kruising van hoofpad 230 en afdelingspad 1161 en die Nasionalepad, NR7/3;
- (d) dat alle bestaande toegangspunte vanaf erf 1133, Moorreesburg na Hoofpad 230 permanent gesluit moet word;
- (e) dat daar aansoek gedoen moet word indien daar afgewyk wil word van die bogenoemde beperkings;
- (f) dat geen/...

7.12(B4)/...

- (f) dat geen nuwe toegange geskep of bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;
- (g) dat dit 'n vereiste is dat die goedkeuring in terme van Wet 21 van 1940 en/of die Pad Ordonnansie 19 van 1976 verkry moet word voordat die voorgestelde ontwikkeling kan voortgaan;

B5 SANRAL

- (a) dat die aansoeker op sy koste en ingevolge artikel 49(5)(a) en (b) van Die Suid Afrikaanse Nasionale Pad Agentskap Beperk en Nasionale Paaie Wet, 1998 (Wet 7 van 1998), die volgende voorwaardes in die titelaktes van die betrokke erwe geleë langs die nasionale-pad vervat;

(i) "With the exception of existing structures and/or any essential stormwater drainage structures, noise berms, boundary walls or fences, no structure or other thing, including anything that is attached to the land on which it stands even though it does not form part of that land, will be erected, constructed, laid or established without the written approval of SANRAL, within a distance of 20 meters measured from the boundary of the national road reserve."

- (b) dat SANRAL in kennis gestel word wanneer die bogenoemde invoeging in die titelaktes van die betrokke erwe gedoen is;
- (c) dat geen direkte toegang na of van die nasionale pad toegelaat sal word nie;
- (d) dat die voorstelle gemaak deur ITS ingenieurs geïmplementeer moet word vir die koste van die aansoeker, ontwikkelaar of die opvolgers in titel;
- (e) dat gedetailleerde planne ingedien word by SANRAL vir oorweging en dat geen konstruksie mag plaasvind voordat SANRAL nie die planne goedgekeur het nie;
- (f) dat ingevolge die voorwaardes van artikel 47(2) van die Wet, moet alle stormwaterafloop of wat afgelei word vanaf die nasionale pad, ontvang sal word en weggevoer word en dat SANRAL nie aanspreeklik gehou sal word vir enige skade of vermindering in die waarde van die betrokke eiendom afkomstig van enige impak wat die voorgestelde ontwikkeling op die bestaande stormwater afloop mag hê of wat afgelei word na die voorgestelde ontwikkeling nie;
- (g) dat die aansoeker, op sy eie koste en ingevolge SANRAL se voorwaardes, 'n 2 meter hoë muur / sekuriteitsheining / palisade op die gemeenskaplike grens van die betrokke ontwikkeling en die nasionale pad reserwe sal aanbring. Spesifikasies van die betrokke muur / sekuriteitsheining / palisade moet eers by SANRAL vir goedkeuring ingedien word voordat dit opgerig mag word;

B6 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

- (a) dat daar aan die voorwaardes soos opgelê deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die omgewingsgoedkeuring gedateer 24 Mei 2013, met verwysings nommer [E12/2/4/2-F5/15-3026/11] voldoen word.

7.13 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES: HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 301, ABBOTSDALE (15/3/3-1, 15/3/6-1) (WYK 7)

Goedkeuring is in Oktober 2012 verleen vir die hersonering en onderverdeling van 'n gedeelte van erf 301, Abbotsdale ten einde 'n laekoste-behuisingsprojek te vestig.

Ten einde 'n meer geïntegreerde behuisingsprojek daar te stel is 'n groter verskeidenheid behuisingsstipes binne die projek voorgestel. Sekere interne veranderinge aan die uitleg word voorgestel om die dupleks huise binne die ontwikkeling te kan akkommodeer. Die basiese uitleg van die straatblokke bly egter onveranderd, met slegs interne erfgrense wat sal verskuif.

7.13/...

Hierdie veranderinge noodsaak dat goedkeuringsvoorwaardes A1(a) en A1(b) gewysig moet word.

BESLUIT

Dat die aansoek om wysiging van goedkeuringsvoorwaarde A1(a) en A1(b) van die raadsbesluit gedateer 10 Oktober 2012 rakende die hersonering en onderverdeling van 'n gedeelte van erf 301, Abbotsdale ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985 as volg goedgekeur word:

A1(a) dat die onderverdelingsgebied van voorgestelde gedeelte 1 die volgende grondgebruike bevat:

- 183 residensiële sone I erwe (laekostebehuising) – totale grootte ±3,14ha (±106m² - ±168m²/erf)
- 40 residensiële sone I erwe (GAP behuising) – totale grootte ±1,21ha (±311m² / erf)
- 2 residensiële sone IV erwe (woonstelle) – totale grootte ±1,15ha (±5750m² / erf)
- 1 sakesone I erf – groot ±1700m²
- 1 institusionele sone II erf (kerk) – groot ±500m²
- 1 institusionele sone I erf (crèche) – groot ±600m²
- 2 oopruimte sone I erwe (publieke oopruimtes)
- 1 oopruimte sone II erf (uitbreiding van bestaande begraafplaas)
- 1 vervoersone II (pad) – groot ± 1,72ha

A1(b) dat die onderverdelingsgebied van voorgestelde gedeelte 2 die volgende grondgebruike bevat:

- 209 residensiële sone I erwe (laekostebehuising) – totale grootte ±3,39ha (±106m² - ±165m²/erf)
- 16 residensiële sone I erwe (GAP behuising) – totale grootte ±0.64ha (±400m²/erf)
- 3 sakesone I erwe – totale grootte ±0.2ha
- 1 institusionele sone II erf (kerk) – groot ±900m²
- 1 institusionele sone I erf (crèche) – groot ±500m²
- 7 oopruimte sone I erwe (publieke oopruimtes)
- 1 vervoersone II (pad) – groot ± 1,75ha
- 2 owerheidsone erwe – groot ±1800m².

7.14 **AFWYKING: GEDEELTE 3 VAN PLAAS TALANA NO 770, AFDELING MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 7)**

'n Bouplanaansoek is ontvang van toepassing op gedeelte 3 van die plaas Talana no 770, Afdeling Malmesbury waarop twee losstaande toilette voorgestel word. Die voorgestelde toilette oorskry die 30m boulyn (oostelike grens) tot op ±0.9m en ±3m onderskeidelik.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die afwyking op gedeelte 3 van die plaas Talana no. 770, Afdeling Malmesbury ten einde af te wyk van die 30m boulyn (oostelike grens) na ±0.9m en ±3m onderskeidelik, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat die bestaande sypelrioolstelsel wat van die toilette bedien, mettertyd vervang word met 'n alternatiewe aanvaarbare stelsel wat nie die ondergrondse waterbronne besoedel nie. Hierdie alternatiewe aanvaarbare stelsel moet reeds deel uitmaak van die bouplanaansoek ter oorweging;
- (b) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word.

7.15 Voorgestelde wysiging/...

7.15 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES: HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN PLAAS GROENERIVIER NO 640, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/6-15) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang vir die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes A1(d) en A1(e) van die raadsbesluit gedateer 7 Desember 2011 rakende die hersonering en onderverdeling van 'n gedeelte van plaas Groenerivier no 640, Afdeling Malmesbury, aangesien dit as onbillike voorwaardes beskou word. Die voorwaardes lees as volg:

"...A1(d) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n finansiële bydrae aan Swartland Munisipaliteit maak tot die kruis subsidiëring van lae inkomste behuising.

A1(e) dat die eienaar/ontwikkelaar as 'n bydrae tot die uitwissing van agterstande en subsidiëring van laekoste behuising gelikwideerde skadevergoeding van R400 000,00 na 'n tydperk van 4 jaar moet betaal en hierdie voorwaarde moet aan elke koper openbaar word,..."

BESLUIT

Dat die aansoek om wysiging van goedkeuringsvoorwaarde A1(d) en A1(e) van die raadsbesluit gedateer 7 Desember 2011 rakende die hersonering en onderverdeling van 'n gedeelte van plaas Groenerivier no. 640, Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonansie 15 van 1985, as volg goedgekeur word:

A1(d) dat hierdie voorwaarde in totaliteit verwyder word;

A1(e) dat die eienaar/ontwikkelaar gelikwideerde skadevergoeding van R400 000,00 na 'n tydperk van 4 jaar moet betaal en hierdie voorwaarde moet aan elke koper openbaar word, welke klousule (van openbaarmaking) as volg moet lees:

"The Transferee and his/her/its/their successors in title, will, within a period of 48 (fourty eight) calendar months reckoned from the date of registration of transfer of this erf from the developer into the name of the Transferee erect or cause to be erected a residential dwelling on this erf, with a value of not less than R400 000,00 (four hundred thousand rand). The value of the said residential dwelling will be determined by Swartland Municipality in accordance with the Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2001. Should the said residential dwelling not be erected as aforesaid, the registered owner of this erf will be liable to pay liquidated damages to Swartland Municipality equivalent to the annual rates and taxes leviable on R400 000,00 (four hundred thousand rand) at the relevant tariff, over and above the rates and taxes which will be levied on the valuation of the undeveloped property. The said liquidated damages will be payable until a residential dwelling has been erected and completed with a value of not less than R400 000,00 (four hundred thousand rand)..."

**T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**